Virukill® avian

Reg. no. G 3525 Wet 36/1947

Vir 'n breë spektrum ontsmetting van oppervlaktes teen kou-voël virusse, bakterieë, swamme, Mycoplasma, giste en alge.
Vir ontsmetting van drinkwater vir voëls.
Vir ontsmetting van lug in voëlhokke.

Vertraag die verspreiding van Paramyxovirus Tipe 1 deur ontsmetting van die drinkwater en lug in voëlhokke.

AKTIEWE BESTANDDEEL:
Poli Dimetiel Ammonium Chloried 120g/L

Geregistreer deur, ICA International Chemicals, Posbus 2312, Stellenbosch, 7602

WAARSKUWING

- Toediening 24 (vier-en-twintig) uur voor en na inenting word nie aanbeveel nie.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- As die produk gebruik word as 'n newelbesproeiing of in die drinkwater van voëls moet dit nie gesien word as 'n plaasvervanger vir 'n goeie inentingsprogram nie.
- Verhoed besoedeling van wildlewe, vis, skulpdiere en die omgewing.
- Moet nie gebruik word vir enige doel, of in enige wyse, teenstrydig met die etiket tensy goedgekeur deur gepaste wetgewing.
- Moet nie waterstrome, riviere of waterweë met die chemikalie of gebruikte houers besoedel nie.

Alhoewel hierdie produk omvattend getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaat- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, onverenigbaarheid met ander stowwe en sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaaar die vervaardiger nie verantwoordelikheid vir skade aan die omgewing of vir nadelige effekte op mense of diere of vir 'n gebrek aan prestasie van die middel as gevolg van die versuim van die verbruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie tydens die produk evaluasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die registrasiehouer in die geval van enige onsekerheid en kry veeartsenykundige advies.

VOORSORGMAATREËLS

Skadelik as produk ingeasem of gesluk word. Produk is korrosief en beskadig oë en vel. Beskerm oë tydens gebruik. Vermy kontak met oë en vel. Indien kleding besmet raak met onverdunde produk, verwyder onmiddellik. As produk in aanraking kom met die vel, was die area onmiddellik met seep en water. As onverdunde produk met oë in aanraking kom, was onmiddellik met water. Moet nie spuit-newel inasem nie. Was hande na gebruik. Driemalige uitspoel of (verkieslik) hoëdruk uitspoelling van die houers voor weggooi. Moet nie onverdunde chemikalië op die perseel weggooi nie. Indien houers herwin word, vervang prop en besorg skoon houers aan herwinner of aangewysde herwinningspunt. Indien nie herwin word nie, druk plat of steek vol gate en begrawe leë houers in die plaaslike stortingsterrein. Indien geen stortingsterrein beskikbaar is nie, begrawe houers 500mm diep wat spesiaal uitgemerk is vir die doeleinde, weg van waterweë, plantegroei of boomwortels. Leë houers moet nie verbrand word nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS

GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

SITUASIE	SIEKTE AGENT	DOSIS	KRITIESE KOMMENTAAR
Was en skoonmaak van oppervlaktes	Virusse, bakterieë, swamme, Mycloplasma spp, giste & alge	200ml per 100L water	Dien 0,5 - 1L oplossing per m^2 op oppervlaktes toe en was af na 30 minute.
Algemene ontsmetting van voëlhokke, hondehokke, stalle, melkerye ens. Alle oppervlaktes, toerusting, broeierye, gereedskap, instrumente en spoelbare watersisteme		1L per 100L water	Maak oppervlaktes deeglik nat (300 - 400ml oplossing per m^2) en laat droog word.
Voet- en wielbaddens		1L per 25L water	Vervang wanneer oplossing vuil raak
Behandeling van drinkwater		100ml per 1000L water	Deurlopende proporsionele dosering
Ontsmetting van lug VOOR plasing van diere		1L per 100L water	Dien toe as fyn missproei
Ontsmetting van lug TYDENS teenwoordigheid van diere		1L per 100L water, 1-3 keer per dag	Dien toe as fyn missproei

NOODHULP: Blootstelling aan onverdunde produk

Indien vergiftiging voorkom kontak 'n mediese praktisyn of vergiftigingsentrum. Indien kontak met vel voorkom, verwyder besmette klere en was vel deeglik. Indien ingesluk moet NIE braking stimuleer nie. Gee water of melk en daarna rou eier. Indien in oë, hou oë oop, was met water vir ten minste 15 minute en kontak 'n mediese praktisyn.

ALGEMENE INSTRUKSIES

- VIRUKILL® avian maak skoon en ontsmet in een aksie en kan gebruik word vir was deur toediening per hand, vir indompeling/week van apparaat en deur middel van sproei-toediening.
- VIRUKILL® avian is effektief oor 'n wye pH-reeks en werk goed in die teenwoordigheid van organiese materiaal. Dit is effektief teen hoë en lae temperature en is nie korrosief nie.
- VIRUKILL® avian bly aktief solank dit in oplossing is (oksideer nie). Skoonmaak van oppervlaktes moet uitgevoer word met 'n oplosmiddel en afgespoel word met skoon water, voor ontsmetting. Draagbare items moet in VIRUKILL® avian oplossing geweek, en gelos word om af te droog. Vir ontsmetting van oppervlaktes spuit VIRUKILL® avian oplossing aan en los om droog te word. MOET NIE AFSPOEL NIE.
- Watersisteme moet gedreineer en gespoel word met skoon water en daarna gespoel word met 'n VIRUKILL® avian oplossing. Alle ontsmettingsmiddel moet uitgespoel word met skoon water.
- Skud voor gebruik

VERSPREI DEUR

MICROBROTICS
P.O. Box 38656, Langenhoven Park, 9330. Tel: (051) 446 3013